

31 Oktober

Skrifgedeelte: Matteus 7:24-28

Fokusgedeelte: Matteus 7:24-28

'n Lewe op vaste fondament

Die volgelinge van Jesus Christus moet nie net sy woorde in die Bergrede hoor nie, maar dit ook doen. Hulle moet nie net "Here, Here" sê nie, maar in hulle daede moet dit ook uitkom dat Hy die Here van hulle lewe is. Hulle moet gehoorsaam wees aan Jesus, wat in sy Bergrede telkens teenoor tradisies van mense stel: "Maar Ek sê vir julle ..." Hierdie gehoorsaamheid is deel van hulle "nuwe lewe" (Calvyn).

Jesus verduidelik die verskil tussen net hoor en hoor én doen met die beeld van die twee huise wat gebou word. Die man wat Jesus se woorde hoor maar nie doen nie, bou sy huis sommer daar op die grond. Die mure rus op sand. Daar is niks vas wat die mure ondersteun nie. As die storm kom, kan die mure nie bly staan nie en die huis word heeltewel verwoes.

Die man wat die Here se woorde hoor én doen, bou sy huis op op 'n vaste fondament. Hy graaf eers in die grond totdat hy op vaste rots afkom. Dan gooi hy die fondament op rots en bou van daar al die huis se mure op. Hierdie huis bly staan as die storm kom en dit word nie verwoes nie.

Die enigste werklike verskil tussen die twee huise lê in die fundamente. Die huis wat op rots gebou is, rus geheel en al op die vaste fondament. Calvyn sien hierdie fondament as Jesus Christus in ons lewe en dink dan aan Paulus se woorde in Kolossense 2:7. Daar sê hy dat ons in Christus gewortel en op Hom gebou moet wees, "... vas in die geloof en met dankbaarheid vervul".

Om Jesus se woorde te dóén, is dus die vrugte van ware geloof.

Sing: Psalm 89:6 (Totius)

Dr. F van der Walt (Emeritus)